

4 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:8-11; Deuteronomium 5:12-15; Heidelbergse Kategismus Sondag 36, 37

Fokusgedeelte: Eksodus 20:7; Levitikus 24:13-16

Gebruik die Naam van die Here slegs met eerbied en ontsag! (Derde Gebod)

Mense se name lê hulle na aan die hart. Daarom waak hulle jaloers oor hulle goeie naam en word daar baie geld in howe bestee om 'n geskonde naam in ere te herstel.

As dit waar is van mense, is dit soveel te meer waar van die Here. Luister na die woorde van Vraag en Antwoord 100 van die Heidelbergse Kategismus: "(...) daar is geen groter sonde of een wat God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie." Hierdie woorde behoort 'n mens tot besondere versigtigheid aan te spoor!

Kyk hoe word dit in Levitikus 24:10-16 bevestig. Ons lees hier van 'n man wat die Naam van die Here gelaster het en toe op bevel van die Here met klippe doodgegooi is. Dit is dus die straf vir 'n lasteraar: die dood. Let op twee aspekte van hierdie man se agtergrond wat ons aandag verdien:

- In die eerste plek was hy die produk van 'n huwelik tussen 'n Egiptiese man en 'n vrou uit Israel. Hieruit moet ons aflei dat sulke verbode huwelike oor geloofsgrense heen hoë risiko inhou – veral vir die kinders.
- In die tweede plek word daar uitdruklik gesê dat hierdie lastering plaasgevind het tydens 'n woordewisseling met 'n ander man. Ook dít is iets wat Christene moet vermy. In 'n oomblik van drif word dikwels gevloek. En dit kan 'n mens jou lewe kos.

Daar is geen sonde wat God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Laat ons daarop bedag wees en laat ons hierdie kosbare Naam alleen met die grootste omsigtigheid gebruik. Dan met die doel om God te loof en "aan al sy vriende te vertel wat Hy gedoen het aan my gees!" (Ps. 66:7 berymd).

Sing: Psalm 145:1, 2, 11, 12 (Totius)

Ds. JJ Cloete (Koster)